

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 1 van 6

Tuiswerk vir die week 29 Junie - 3 Julie 2020

Maandag 29 Junie: Hier is die antwoorde van die werk van 15 - 19 Junie. Merk asb joune.

1. Memorandum: Visuele begrip: Oom Kaspas (bl. 47-48 Platinum handboek)

- a. 1. Hy vermaak deur mense se swakhede bloot te lê en daarmee te spot of 'n storie te vertel.
2. Met fyn strepies en hoe hy die figuur teken.
3. Gesigsuitdrukings, lyftaal, vetdruk, hoofletters, leestekens, prentjies soos sterretjies.
4. Hy gebruik spraakborrels. In hierdie geval, sit hy die teks onderaan en gebruik aanhalingstekens.
- b. 2. Die perd se kop en ore hang, sy oë is toe en sy rug is hol.
3. Oom Kaspas het ander klere aan, hy het 'n horlosie (wat op tyd sinspeel) en die toneel verander.
4. Hy staan met sy sakhorlosie in die hand en kyk na die tyd.
5. Dit wys dat daar letters ontbreek. (gestaan - gesta')
6. op **hete** kole
7. Die bewegingstrepies, stofwolke, sy bene en sy baadjie fladder agter hom.
8. Hy vertel wolhaarstories; spog met goed wat hy nie gedoen het nie; is 'n grootprater.
9. Iemand wat gedoen het wat oom Kaspas beweer hy gedoen het, sou homself doodgeskok het en beslis nie oorleef het om die storie te vertel nie. Dit is dus blote versinsel.
10. Dit dui op pyn. Die perd skop hom hard wat baie seer moes wees.



2. Memorandum: Taalleer - Vrae op notas

OEFENING 1

Onderstreep al die selfstandige naamwoorde in die volgende sinne:


- 1.1. Die honger leeu kruip op sy maag deur die gras met die bedoeling om die bokkie te vang.
- 1.2. Magriet het vir haar ma gevra of sy die naweek 'n partytjie by hulle huis in die garage mag hou.

OEFENING 2

- | | |
|--|-----------------------|
| 1.2.1 soortnaamwoord | 1.2.7 soortnaamwoord |
| 1.2.2 eienaam | 1.2.8 eienaam |
| 1.2.3 soortnaamwoord | 1.2.9 eienaam |
| 1.2.4 soortnaamwoord | 1.2.10 soortnaamwoord |
| 1.2.5 soortnaamwoord | 1.2.11 soortnaamwoord |
| 1.2.6 abstrakte selfstandige naamwoord | |

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 2 van 6

2. Dit is 'n instrument wat rigting aandui.
3. Liam het nie meer geweet watter kant toe in sy lewe nie.
4. Nee.
5. Ja.



6. Onderstreep die woord **klei** waar hy as s.nw. optree in die volgende sinne:

Keramiekpotte word van klei gemaak. Maar mens kan nogal kleitrap as jy nie geoefen is nie, amper soos 'n os by 'n watergat wat deur die modder klei vir 'n slukkie water.

7. Ek maak **vuur** om kole te kry om vlesie te kan braai.

Die soldaat **vuur** 'n paar skote in die lug.

OEFENING 3

1. Onderstreep die maatnaamwoorde en omkring die massanaamwoorde in die volgende sinne:

LET WEL: OP DIE MEMORANDUM HET EK DIE MASSANAAMWOORDE *SKUINS* EN VETGEDRUK!

- 1.1. Gebruik 'n koppie **meel**, 'n teelepel **sout** en 'n kwart emmer **water**.
- 1.2. Koop asb. vir my een sak **meel**, een pak **rys** en 'n bottel **asyn**.



2. Onderstreep die versamelname in die volgende sinne:

2.1 Die troppe beeste en kuddes skape het die hele vlakte vol gewei en 'n swerm bosluisvoëls het omtrent fees gevier.

2.2 'n Skool dolfyne het soos 'n bende rampokkers te kere gegaan terwyl 'n onheilspellende bank wolke stadig oor die see inbeweeg.

Dinsdag 30 Junie en Woensdag 1 Julie : Lees die onderstaande notas deeglik deur en doen dan die oefeninge in jou TAALSKRYFBOEK.

WOORDSOORTE : **Werkwoorde**

Werkwoorde is **DOEN**woorde - hulle dui aan watter aksie plaasvind.



Ons kry verskillende soorte:

- * Selfstandige werkwoorde
 - * Hulpwerkwoorde
- * Koppelwerkwoorde
- * Skakelwerkwoorde
 - * Infnitiewe

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 3 van 6

1. SELFSTANDIGE WERKWOORDE (Ook hoofwerkwoorde genoem)

Hulle tree selfstandig op. Dit beteken hulle kan op hulle eie bene staan en staan alleen as die gesegde van die sin.

* Hulle kan *onoorganklik* wees - daar is nie 'n voorwerp nie, die aksie word nie oorgedra op iets anders nie, byvoorbeeld : Die kind **speel** buite in die reën. (*speel word nie op 'n voorwerp oorgedra nie*), OF

* Hulle kan *oorganklik* wees - die aksie word op 'n voorwerp oorgedra, byvoorbeeld: Die seun **skop** die bal oor die pale. (*die bal is die voorwerp waarop die skopaksie uitgeoefen word*)

LEES IN JOU HANDBOEK BL 203 Taalfokus 1 oor Lydende en bedrywende vorm.


2. HULPWERKWOORDE

Hulle word saam met 'n selfstandige werkwoord gebruik en **HELP** die selfstandige werkwoord.

Hulpwerkwoord van tyd - dui tyd aan: verlede tyd of toekomstige tyd.

Die man **het** gekla.

Die kat **sal** (of sou) weer terugkom.



Hulpwerkwoord van vorm - dui die lydende vorm aan:

Die bal **word** geskop. (Teenwoordige tyd)

Die bal **is** geskop. (Verlede tyd)



Hulpwerkwoord van wyse (of modaliteit) - druk 'n houding of moontlikheid uit:

kan, mag, moet, wil - ook die verlede vorms kon, mog, moes, wou

3. KOPPELWERKWOORDE

Hulle staan alleen as die gesegde van 'n sin en koppel die onderwerp ('n Selfstandige naamwoord of voornaamwoord) met 'n ander selfstandige naamwoord of byvoeglike naamwoord:

Die meisie **is** beeldskoon. (Teenwoordige tyd) / Sy **is** beeldskoon.

Die vrou **was** 'n sangeres. (Verlede tyd) / Sy **was** 'n sangeres.

Ander koppelwerkwoorde: **lyk, blyk, skyn, bly, kyk, voorkom**

(ONTHOU DIE KONTEKS IS BEPALEND!!!! Die son skyn helder. [selfstandige werkwoord] Hy skyn gelukkig te wees [koppelwerkwoord])

4. SKAKELWERKWOORDE

Hulle skakel die onderwerp of 'n hulpwerkwoord en 'n ander werkwoord aan mekaar :

Hy **laat** ons hard werk.

Ons **probeer** vinnig maak.

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 4 van 6

5. INFINITIEWE

Dit is die onverboë vorm van die werkwoord en volg altyd op "om" of "om te".

Dit verrig nie die funksie van die werkwoord nie en tree nie as die gesegde op nie:

Om te eet is lekker.

Ek hou daarvan **om te reis**.

Dit is moeilik **om te konsentreer**.

AFLEIDINGS VAN WERKWOORDE

Byvoeglike naamwoorde en bywoorde kan van werkwoorde afgelei word - staan bekend as deelwoorde.

* Teenwoordige deelwoord = onvoltooide aksie:

Werkwoord + **-de, -end, -ende** agteraan

byvoorbeeld : **Skeppende** kunste (van die ww. "skep")

* Verlede deelwoord = voltooide aksie:

Swak verlede deelwoord: Werkwoord + **ge-** vooraan en **-de** of **-te** agteraan

byvoorbeeld: Gooi die **gebreekte** koppie weg. (Nie altyd + ge- nie bv. Verspeelde tyd)

Sterk verlede deelwoord: Werkwoord + ge- vooraan, klinkerwisseling e -e agteraan.

Dikwels dui dit figuurlike bekenis aan.

byvoorbeeld: **Gedane** (doen) sake, **gebroke** (breek) harte, **gedwonge** (dwing) arbeid

OEFENING:

Beantwoord die volgende vrae:


1. Onderstreep die werkwoorde in die volgende stuk:

'n Ontbyt van spek en eiers en die gebruiklike kanne koffie laat vir Skollie nou die oggend hardop wonder oor die ou vragie wat niemand nog kon beantwoord nie: wat was eerste, die hoender of die eier?

2. Benoem die onderstreepte werkwoorde in die volgende stuk: (m.a.w. sê watter soort werkwoord dit is: selfstandige werkwoord, koppelwerkwoord, hulpwerkwoord, skakelwerkwoord, infinitief) Skryf eers die werkwoord neer en dan watter soort werkwoord hy is.

Virind Skollie seg hy wil nie uit sy beurt 'n eiertjie lê nie, maar die hoendervrug is darem maar 'n wonderlike ding. Dat hy sy hoenderhok ken, blyk gou duidelik te wees, want hy vertel van allerhande interessante eiers in die wêreld.

(vervolg op volgende bladsy!)



Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 5 van 6

Daarvan **kan** Skollie se suster, Jenny, in Mitchells Plain **getuig**, want sy het vir manlief, Tommie, aan 'n dubbeldoor **laat verstik** - 'n vrou se eierwraak. Skollie sê hy hoor nog hoe sy ouma hom waarsku: "Die eier **moet** nooit slimmer as die hoender **probeer wees** nie."

3. Kyk na die onderstaande prentjies en maak dan **kort** sinne daarvoor waarin jy die werkwoord wat uitgebeeld word gebruik. Onderstreep die werkwoord en sê dan in hakies na die sin of die werkwoord oorganklik of onoorganklik gebruik word.



Byvoorbeeld: Die perd galop oor die veld. (Onoorganklik)

3.1




.....

3.2




.....

3.3



.....

3.4



.....

3.5



.....

3.6



.....

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 6 van 6

4. Herskryf die volgende sinne in die **LYDENDE (Passiewe) VORM**:

byvoorbeeld: Die kat vang elke dag 'n muis. - Elke dag word 'n muis deur die kat gevang.

4.1 Die man verf die huis se dak potblou.

4.2 Hy bou 'n hoë muur rondom die tuin.

4.3 Die haai het die seekat sommer so heel in sluk. (LET OP: verlede tyd!)

5. Herskryf die volgende sinne in die **BEDRYWENDE (aktiewe) VORM**:

byvoorbeeld: Die bal word deur die seun gevang. - Die seun vang die bal.

5.1 Die volkslied word deur die toeskouers gesing.

5.2 Die aktrise word deur baie mense bewonder.

5.3 Die stout kinders is deur die onderwyser gestraf. (LET OP: verlede tyd!)

Donderdag 2 Julie: Prosa - Volksverhale:

Die voëltjie wat suurmelk kon fladder Platinum LEESboek bl. 79

Lees die volksverhaal op bl. 79 in jou Platinum LEESboek.

Lees ook die woordverklarings op bl. 82. Dit is belangrik dat julle

die woordverklarings lees, want sodoende verstaan jy die storie

beter en bou jy jou woordeskat uit. Hier volg nog 'n paar:

Woordverklarings:

Skoffel - as s.n.w. is dit 'n landbou-implement: 'n ysterkop met 'n breë plat stuk, aan die een punt van 'n houtsteel. Dit word gebruik om bossies uit lande of tuine tussen die aangeplante plante te verwyder, 'n taak wat meestal deur vrouens gedoen is. As 'n werkwoord beteken dit die aksie wat jy met die implement uitvoer.

hengel - visvang met 'n visstok;

"vandag sien jy jou ouma vir ' eendvoël aan" - 'n gesegde wat beteken die ander persoon sal nie weet wat om hom aangaan of hom getref het nie.

krieseltjie - 'n klein bietjie of stukkie soos krummeltjie.

skraler - maerder.

Doen nou vrae 1 - 6 op bl. 82.

Vrydag 3 Julie : Prosa - Suurlemoen Lees Hoofstukke 32 tot 34 (bls. 101 - 109) en **doen dan die vrae** daarvoor (wat jy reeds by jou behoort te hê!) in jou letterkundeskryfboek.

